



Ons vermeerder God se vreugde!

Nuusbrief van Agter-Paarl Geloofsgemeenskap
Johannes Nortier

Nuusbrief Donderdag 19 Augustus 2021

Gedagte van die week:

“The point is not that Jesus was a good guy who accepted everybody, and thus we should do the same (though that would be good). Rather, his teachings and behavior reflect an alternative social vision. Jesus was not talking about how to be good and how to behave within the framework of a domination system. He was a critic of the domination system itself.” — Marcus J. Borg, *The God We Never Knew: Beyond Dogmatic Religion to a More Authentic Contemporary Faith*

Vertrekpunt:

Matteus 12:1-14

Meditasie uit die teks:

Ek kies om jammer te voel vir die wettiese Fariseërs wat op Sabbatdae blind en ongevoelig was vir mense se hongerpyne en liggaampyne. 'n Mens kan seker daarvoor kwaad word, maar regtig? Dan sal dit wees soos een dief wat vir 'n ander dief kwaad is. Ek kies dus eerder om vir hulle jammer te wees, want ek onthou 'n dag in my lewe toe ek deel was van 'n geloofsisteem wat mense met groot oortuiging en genadeloos weggewys het (en verneder het) op grond van hulle velkleur. Ek onthou 'n dag toe ek deel was van 'n geloofsisteem wat nét mense gehelp het wie se name op daardie sisteem se amptelike boeke was. Ek onthou 'n dag toe ek 'n dominee was wat in diens van 'n gemeente gestaan het ter wille van die gemeente se sisteem en nie ter wille van God en sy wêreld nie. Ek onthou 'n dag toe die kerksisteem groter was as die Koninkryk van God. Vandag nog is daar (kerk)mense wat my daarin wil dwing asof hulle nog nooit Matteus 12:1-14 en ander soortgelyke tekste gelees het nie. Gelukkig leef ek in 'n nuwe tyd en nuwe dag waarin wet en sisteem nie groter as die mens en die lewe is nie, waarin die kerk bestaan twv die Koninkryk van God en nie andersom nie. Ek was saam met die Fariseërs in die ongenade. Ek was saam met die Fariseërs en die sisteem in die “uitvang”-modus en ek het saam met hulle uitgeroep, “kyk daar, kyk daar!” Maar nou is ek nie meer daar nie en verstaan ek wat Jesus bedoel het met vrymaak en vervulling tot oorvloedige lewe. Maar om dit te kry moet jy dapper wees soos Jesus en ook bereid wees om soos Hy die prys (+) te betaal.

Youtubeskakel:

Ons gaan nie Sondag 22 Augustus 2021 'n reisgesprek in die kerkgebou hou nie. Jy kan wel die reisgesprek op Youtube luister by https://youtu.be/4eFI_9wFQQI

Huisgesprek

Ek herinner jou aan ons gemeenteleiersvergadering op Sondag 22 Aug om 17:00. Dit is 'n oop vergadering en elkeen is welkom om dit by te woon. Ek herinner jou ook aan verlede week se kermisbrief en vra dat jy dit net weer in oorweging neem. Alhoewel ons teen 14 September min of meer 'n idee wil kry oor hoe dit gegaan het met ons insameling, mag jy natuurlik ook na 14 September steeds bydra. Ons kan mos nie almal altyd op dieselfde tyd gereed wees nie.

Meditasie uit die lewe

More lei ek die lewensviering van Harald Freese. Hy en sy vrou, Judy, was gewoonlik saam met oom Mias en tannie Rina Volschenk, die eerste mense om op te daag by ons Sondagreisgesprekke in die kerkgebou. Hulle het altyd in die middelblok se laaste bank onder die gallery gesit. Dit was vir my altyd so lekker om met hulle vier te gesels, en met die tyd het daar 'n hegte band onderling gevorm. Tannie Rina is vroeër vanjaar aan kanker dood en nou is Harald, een jaar na sy aftrede, dood agv COVID-19. Tannie Rina sal ek onthou as die super-netjiese “lady” wat altyd 'n grappie gereed gehad het en met elke besoek in Huis Vergenoegd gesê het, “Mias, gooi vir Johannes 'n glasie Coke”. Oom Mias het altyd gevra, “Johannes, hoe gaan dit met Toitjie?” Harald onthou ek as die stil een wat nie baie gepraat het nie. Na sy dood vertel sy kinders dat hy altyd vir almal alles reggemaak het wat stukkend was en dat hy gereeld sy 96-jarige ma, wat verder af in sy straat woon, se toonnaels gesny het. Ek dink somer vanoggend daaraan hoe baie wonderlike mense ek deur die jare ontmoet het. Eenvoudige navolgers van Jesus Christus, my broers en my susters, mede-geliefdes van God. En ek verlang na hulle. Miskien moet 'n mens dit oorweeg om iewers 'n lysie te gaan maak van al die wonderlike mense wat deel van jou lewe was en is. Dit is die beste anti-depressante! Dit maak jou dankbaar!

As jy hierdie epos foutiewelik ontvang of dit nie meer wil ontvang nie, stuur net 'n epos wat lui “kanselleer nuusbrief” na ngkagterpaarl@telkomsa.net of nortierjohannes6@gmail.com